

Goeie Vrydag?

Toe die skrifgeleerdes en die Fariseërs Jesus vir 'n teken vra, was Sy antwoord:

“'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees” (Matt.12:38-40, beklemtoning).

Verskeie ander skrifgedeeltes bevestig die feit dat Jesus spesifiek verklaar het dat Hy drie dae en drie nagte in die graf sou deurbring (Luk. 11:29-30, Mark. 14:58, 15:29, Joh. 2:19). Selfs die priesters en die Fariseërs het wat Jesus gesê het ernstig opgeneem, want hulle het Pilatus versoek dat die graf vir drie dae en drie nagte bewaak moes word (Matt. 27:62-64). Dit word algemeen aangeneem dat Jesus op Goeie Vrydag gekruisig is en dat Hy op die eerste dag van die week, Sondag, opgestaan het. As Jesus gesê het dat Hy vir drie dae en drie nagte in die graf sou wees, hoe is dit moontlik om vanaf Vrydag tot die opstanding vroeg Sondagoggend, drie dae en drie nagte in hierdie tydperk in te pas? Dit kan nie gedoen word nie! Diegene wat Vrydag as die dag van die kruisiging huldig, probeer hierdie probleem omseil deur te verklaar dat in die Hebreeuse kultuur 'n halwe dag soms as 'n hele tel. Jesus self het egter die lengte van 'n dag gedefinieer:

“Jesus antwoord: Is daar nie twaalf ure in die dag nie?” (Joh. 11:9).

Dit moet toegegee word dat die belangrikste ding aangaande Paastyd die feit is dat Jesus op die kruis gesterf het en dat Hy uit die dood opgestaan het. Maar die ongerymdheid wat bestaan tussen wat tradisioneel as die dag van kruisiging aanvaar word en wat in die Skrif staan, laat 'n mens tog vrae vra. Het Jesus, wat die enigste teken is wat Hy gesê het Hy gaan gee, bedoel wat Hy gesê het of het Hy met die betekenis van woorde gespeel? Die Bybel openbaar wat werklik gebeur het?

Twee belangrike feite wat in aanmerking geneem moet word wanneer die gebeurtenisse rondom die kruisiging bestudeer word:

Eerstens moet die feit in aanmerking geneem word dat daar na **twee verskillende sabbatte** gedurende die week van die kruisiging verwys word en tweedens moet onthou word dat 'n Joodse dag gemeet word **vanaf sonder (6 uur) tot sonder (6 uur) die volgende dag**.

Die twee sabbatte waarna daar in die week van die kruisiging verwys word:

Die een sabbat waarna verwys word is die **gewone weeklikse sabbat** wat die Jode elke sewende dag as 'n rusdag moes onderhou (Ex.20:9-10) en die ander sabbat waarna verwys word is die **jaarlikse Pasga Sabbat** (ook genoem die Groot Sabbat, Joh.19:31) wat die Jode se uittoeg uit Egipte moes herdenk (Ex.12). Dus, eenmaal 'n jaar, gedurende dieselfde week, is daar twee sabbatte wat onderhou moet word – die weeklikse sabbat en die Groot Pasga Sabbat. Omdat hierdie feit nie in aanmerking geneem word nie, word Goeie Vrydag verkeerdelik as die dag van die kruisiging gehuldig.

Die waarskynlike Pasgaweek gebeurde

(Drie dae en drie nagte terugwerkend geneem vanaf opstandingsdag)

Dinsdagaand 6-uur, die begin van Joodse Woensdag – Jesus eet die pasgamaal saam met Sy dissipels – Jesus bid in Getsemané, word gevangene geneem, word deur Petrus verloën, Jesus verskyn voor die Joodse Raad (Matt.26:75).

“En dit was die dag van voorbereiding, en die sabbat wou aanbreek”
(Lukas 23:54, die Groot Sabbat).

“En op die eerste dag van die ongesuurde brode kom die dissipels na Jesus en sê vir Hom: Waar wil U hê moet ons vir U klaarmaak om die pasga te eet?” (Matt.26:17),

Woensdagoggend – Jesus voor Pilatus, gekruisig om 9-uur, vm, sterwe om 3-uur, nm.

“En toe dit aand geword het, omdat dit die voorbereiding was, dit is die voorsabbat...kom Josef van Arimathéa... en hy waag dit om na Pilatus in te gaan en die liggaam van Jesus te vra” (Mark. 15:42-43)

“Hy het na Pilatus gegaan en die liggaam van Jesus gevra en dit afgehaal...en dit neergelê in ‘n graf... En dit was die dag van voorbereiding, en die sabbat wou aanbreek” (Luk. 23:52-54)

Volgens Joodse wet (Deut. 21:23) mag liggame nie gedurende ‘n Sabbat aan ‘n paal hang nie en omdat die Pasga Sabbat om 6-uur Woensdagaand sou begin, moes Jesus se liggaam voor daardie tyd van die kruis afkom.

“En dat die liggame nie op die sabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was—want die dag van daardie sabbat was groot...” (Joh. 19:31)

“...want daardie spesifieke Sabbat was ‘n belagrike een” (Joh.19:31, NLV)

Woensdag, 6-uur nm – die Groot Pasga Sabbat begin – duur tot 6-uur nm, Donderdagaand Jesus in die graf, die eerste dag (Joh. 19:38-42, Deut. 21:23).

Donderdagaand, 6-uur nm – 6-uur nm, Vrydagaand – ‘n gewone weeksdag na die vorige dag se Groot Pasga Sabbat (John 19:31) – Jesus in die graf, die tweede dag:

As gevolg van die Groot Sabbat wat die dag na Jesus se kruising plaasgevind het, kon die vrouens nie seserye gaan koop nie, en moes wag vir die Vrydag wat weer ‘n gewone dag sou wees, om dit te doen:

“...toe die sabbat verby was, het Maria Magdaléna en Maria, die moeder van Jakobus, en Salóme speserye gekoop om Hom te gaan salf” (Mark. 16:1).

Die speserye en bestandele is waarskynlik op Vrydag gekoop en voorberei, maar omdat die volgende dag weer ‘n weeklikse sewende dag sabbat sou wees, waarop hulle niks kon doen nie, moes hulle vir die eerste dag van die week (Sondag) wag, om Jesus se lyk te gaan salf.

“En dit was die dag van voorbereiding, en die sabbat wou aanbreek. En die vroue wat saam met Hom van Galiléa gekom het, het ook gevolg en die graf gesien en hoe sy

liggaam neergelê was. Daarop het hulle teruggegaan en speserye en salf berei en op die sabbat gerus volgens die gebod” (Luk. 23:54-56).

6-uur Vrydagaand – 6-uur Saterdagagaand – die weeklikse sabbat, Jesus in die graf, die derde dag. Die weeklikse sabbat was teen 6-uur, Saterdagagaand verby en Jesus kon enige tyd daarna gedurende Sondagnag opgestaan het.

Sondagoggend, die eerste dag van die week:

“En baie vroeg op die eerste dag van die week, net ná sonop, kom hulle by die graf. En hulle sê vir mekaar: Wie sal vir ons die steen voor die opening van die graf wegro? En toe hulle opkyk, sien hulle dat die steen weggerol was, want dit was baie groot “ (Mark. 16:1-6).

“En laat ná die sabbat toe dit begin lig word, teen die eerste dag van die week, kom Maria Magdaléna en die ander Maria om na die graf te gaan kyk...Maar die engel antwoord en sê vir die vroue: Moenie vrees nie, want ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan soos Hy gesê het” (Matt. 28:1-6).

Opsomming

Dinsdagaand na 6-uur (Joodse Woensdagaand) **deur Woensdagnag** -

– Pasgamaal, Jesus bid in Getsemane, Jesus word gearresteer en verskyn voor die Sanhedrin.

Woensdagoggend – Jesus voor Pilatus – 9-uur vm, kruisiging – sterwe om 3-uur die middag.

Voor Woensdagaand, 6-uur, wanneer die Groot Sabbat begin, moet Jesus van die kruis afgehaal word – Jesus in die graf (Deut. 21:23).

Woensdagaand, 6-uur tot Donderdagaand, 6-uur is die Groot Sabbat, die eerste nag in die graf. Donderaand, 6-uur, die Groot Sabbat verby.

Donderaand, 6-uur tot Vrydagaand, 6-uur, ’n gewone Sabbat, tweede aand in die graf.

Vrydagaand, 6-uur tot Saterdagagaand, 6-uur, die weeklikse sabbat, derde aand in die graf

Jesus kon enige tyd na 6-uur, Saterdagagaand, na die weeklikse sabbat, opgestaan het.

Sondagoggend vroeg, eerste dag van die week – die vrouens kom by ’n leë graf.

Skrifgedeeltes wat verband hou met die kruisigingsgebeure

Joh.2:19-22: *“Jesus antwoord en sê vir hulle: Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit Oprig...Maar Hy het oor die tempel van sy liggaam gespreek.”*

Jona 1:17: *“En die HERE het ’n groot vis beskik om Jona in te sluk; en Jona was drie dae en drie nagte in die ingewande van die vis.*

Mark. 8:31: *“Toe het Hy hulle begin leer dat die Seun van die mens baie moet ly en verwerp word deur die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes en gedood word en ná drie dae opstaan.”*

Gevolgtrekking

“So trek julle met julle tradisie ’n streep deur die Woord van God” (Matt.15:6).

Nick Maartens

Jeffreysbaai, 0827826074, nickmaartens@hotmail.com